DIE UITDAGINGS VIR DIE NG KERK IN NAMIBIË



SCHALK PIENAAR

Ds Schalk Pienaar is moderator van die Namibiese sinode van die NG kerk.

Tussen die 1500 kilometer Atlantiese kuslyn in die weste, die Kunene en Okavango – riviere in die noorde, Botswana in die ooste en Suid Afrika in die suide, lê die semi-woestynland Namibië. Vier keer groter as Brittanje, ruim tweederdes die grote van sy suidelike buurman – maar met 'n totale bevolking wat skaars 1,7 miljoen haal.

'n Land van kontraste, van verskeidenheid, van skaarste en oorvloed, van ruimte, van skoonheid wat jou elke dag verras. 'n Land van uitdagings. Ook vir die NG Kerk met sowat 20 000 lidmate.

Ons is deel van die kerk in hierdie mooi land met sy ruimtes en geleenthede wat nie end kry nie, wat net eenvoudig weer sal moet ontdek dat ons hierheen gestuur is, dat ons God se geskenk vir hierdie land is - dit is en bly ons eerste en grootste uitdaging. Om nuut te ontdek dat God ons hierheen **gestuur** het, en dat ons sal begin **doen**. Ook in Namibië moet die kerk dus, soos maar op elke ander plek in die wêreld, nou juis met nuwe toewyding na die Here luister en aan Hom gehoorsaam word. Sou ons die uitdaging nie ernstig opneem nie, sal geeneen van die ander baie uitdagings wat voor ons staan, enigiets beteken nie.

Van nader gekyk lyk die prentjie van stuur en doen dalk so:

DIE UITDAGING WAARVOOR ONS STAAN, HET MET ONSSELF TE DOEN, DAT ONS AS GEMEENTES OP 'N NUWE MANIER VOOR GOD EN MEKAAR WIL LEEF EN WERK.

Dit vra dat ons met kundigheid die diversiteit binne ons kerk sal moet bestuur en gebruik. Soveel kontraste as wat ons wonderlike mooi land het, soveel kontraste bestaan ook tussen ons wonderlike mooi lidmate – ouderdom, spiritualiteit, platteland en stedelik, ryk en arm, geleerd en ongeleerd, Afrikaanssprekend, Engelssprekend, Boesmansprekend en Herero-sprekend – alles deel van die diversiteit binne ons kerk.

Dit vra dat ons met nuwe toewyding lidmate moet toerus en bekwaam om elkeen sy of haar dienswerk te kan doen.

Ons land met sy uitgestrektheid vra op 'n spesiale manier vir versorging. Ons verstaan dat die Here nooit bedoel het dat ons op ons eie moet klaar kom nie - nie gemeentes nie, nie ons leraars nie, en ook nie ons lidmate nie. Met gemeentes wie se naaste gemeentebure tot 500km ver is, met predikante wie se naaste kollega dus 500 km ver is, met lidmate wat soms tot 4 uur se ry van die naaste ander lidmate is, vra dit op 'n spesiale manier vir omgee. Vra dit om nuut te dink oor versorging.

DIE UITDAGINGS WAARVOOR ONS STAAN HET OOK MET ONS LAND TE DOEN!

Soos die res van Afrika is ons vasgevang in die doodsgreep van vigs. Uit 'n totale bevolking van ongeveer 1,7 miljoen, tel reeds 47000 vigswesies. Amptelik word gesê dat een uit elke vier mense in ons land reeds HIV-positief is. En daar is mense wat beweer ons rekords is nie regtig op datum nie!

Voeg daarby die armoede van 'n groot deel van ons bevolking - in die veraf geleë Boesmanland vertel kollegas dat hulle lidmate tot 20 km per dag loop om te gaan natuurkosse uitgrawe.

Dat gesinne oorleef op een 2,5 kg. blik vol meel per week wat hy uitdeel. En dit deel hulle nog partykeer met familie wat minder as hulle het. Dit is mense wat in beter seisoene deur harde werk selfonderhoudend is.

Die NG Kerk in Namibië het van die begaafste en bes toegeruste leraars in Afrika. Die uitdaging is om van hierdie kennis en vaardighede aan te gee. Om met leierskapopleiding uit te reik na mense in ons land wat minder bevoorreg is as wat ons is. En dan het 'n mens nog nie eers gekom by die moeilike grondkwessie nie - hoe kan die NG Kerk in Namibië help dat die Here van ons kerk en land se wil ook wat hierdie saak betref, duidelik geskied?

DIE UITDAGING WAARVOOR ONS STAAN HET MET ONS BURE TE DOEN.

Met die einde van die oorlog in ons noordelike buurman Angola, begin daar 'n wêreld oopgaan. 'n Stukkende wêreld – met stukkende oorlogmense. 'n Wêreld waar miljoene mense wat die oorlog wonderbaarlik oorleef het, van honger gaan sterf. 'n Wêreld waar mense wat oor 30 plus jaar deur oorlog verniel is, net genees kan word deur die wonder van God se genade en liefde - wat deur ander mense se hande aan hulle uitgedeel moet word.

Uitdagings wat ons land ons stel? – of is dit geleenthede wat die Here wat ons na die land toe gestuur het - vir ons gee? Geleenthede om Hom te dien – en om daardeur 'n nuwe dag te laat op kom oor ons wonderlike mooi land en sy mooi mense en diere.